

Dinsdag 13 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 1:14-16

Fokusgedeelte: Sefanja 1:14-16 (1933/53-vertaling)

Die Dag van die HERE is naby, baie naby!

Die oordeel van die HERE word aangekondig vanaf vers 7 tot en met vers 18. Die profeet Sefanja noem die gebeurtenis wat voor die deur is “die Dag van die HERE”, soos dit bekendstaan en genoem word in talle Ou-Testamentiese gedeeltes, veral in die boek Joël.

Daar moet egter daarop gelet word dat hierdie aankondig ’n dubbele bedoeling kan weergee. In die konteks van die tyd en plek van die geskrif, kondig dit die oordeel oor Israel en Juda aan. In die konteks van die profesie van die toekoms kondig dit die finale oordeel van God oor die aarde en mensdom aan. Vir ons! God het die volke van Israel en Juda wel geoordeel en gestraf oor hulle sonde en verval deur die ballingskappe van beide ryke.

Maar hoe oordeel en kyk ons vandag na die aankondiging as die finale oordeel van God oor die aarde en die ganse mensdom? In verse 15 en 16 word daar nie minder as 11 byvoeglike naamwoorde gebruik om hierdie oordeelsdag te beskryf nie. Hierdie oordeel en afrekening van God op hierdie laaste oordeelsdag sal ondraaglik en verwoestend wees. Met die finale oordeelsdag van God sal geen lewende wese op aarde sy oordeel ontkom nie (Op. 16-19).

Slaan ag op die profesie en aankondiging van die profeet Sefanja, dit is nie net vir die volke van die tyd bedoel nie, maar vir jou en my vandag. Die oordeel van God staar ons elkeen in die oë tot en met die wederkoms van ons Here. Leef vandag en elke dag ’n godsvresende lewe in heilige eerbied tot die HERE van die mensdom. Die dag van die HERE is naby en haastig!

Sing: Skrifberyming 34-1:1-3

Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)